

Januarie 2017

LIEWE GEMEENTELID,

REËLINGS VIR BEGRAFNIS- OF VERASSINGSDIENS

Ons innige simpatie met die afsterwe van u geliefde.

Die gesin/familie sal met verskeie persone moet skakel:

Indien u 'n begrafnis / roudiens / gedenkdien wil reël, mag u die volgende inligting nodig kry.

Skakeling met die leraar:

Kontak heel eerste met 'n leraar van u keuse. Hy is die eerste kontakpersoon en sal meestal ook reeds weet as iemand ernstig siek is.

Die gesin/familie bespreek met hom die praktiese aspekte soos of dit 'n begrafnis of slegs 'n verassingsdiens sal wees, watter dag dit vir die familie geleë sal wees, of dit hom sal pas en of die kerk beskikbaar sal wees.

Hy sal aan die gesin leiding verskaf i.v.m. die verskillende praktiese reëlins in die geval van 'n verassing of begrafnis. Reël ook met hom alles betreffende die diens self, soos wie die bedankings sal doen, wie 'n huldeblyk sal lewer, of daar iemand sal sing, watter gepaste liedere gespeel en/of gesing moet word, ens.

Begravnisondernemers:

U kontak self 'n begravnisondernemer van u keuse.

Tyd: Bepaal in samewerking met die kerkkantoor en die leraar die gepaste datum en tyd. Die onderstaande dae en tye is beskikbaar vir die gebruik van die saal by die gemeentesentrum vir teebediening.

Die beskikbare tye is:

- Maandae om 10:00 tot 13:00
- Woensdae om 15:30 tot 18:00
- Vrydae om 10:00 tot 13:00



Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

Predikante: Ds. A van Wyk • Dr. M.S. van Zyl • Ds. A.A. Verster • Ds. J. Dickason • Ds. A.G. Agenbag

Indien u buite hierdie tye 'n diens wil reël kan ons ongelukkig nie die teedrink in die saal akkommodeer nie, alternatiewe reëlings sal self daarvoor gemaak moet word.

Wie word benodig? Indien 'n diens by die kerk gehou gaan word, word 'n leraar en klankoperateur benodig. Indien u so verkies, 'n orrelis of iemand anders wat 'n musiekinstrument bespeel.

Wie tref die reëlings? Die begrafnisondernemer tref die reëlings met hierdie persone en maak ook weer met die kerkkantoor kontak. Maak asb. seker dat hulle daarvan bewus is dat daar 'n klankoperateur ook benodig word.

Reëlings ten opsigte van die kis in die kerk: Dit is gebruik by ons om nie die kis in die kerk in te bring nie, weens praktiese reëlings.

Betaling: Die familie van die oorledene doen gewoonlik alle betalings vir die leraar, klankpersoon/koster en orrelis direk in die gemeente se rekening. (NG Gemeente, ABSA Durbanville, rekening nommer 1410580019 met 'n verwysing asb : bv. Begrafnis/Lotz).

Formaat van pamflet: Bespreek met die begrafnisondernemer die formaat van die pamflet en watter inligting daarin moet kom. Hier sal ook op die leiding van die leraar staatgemaak kan word.

Blomme : Die gesin/familie kan dit self reël. Besluit ook wat na die diens met die blomme moet gebeur, o.a. wie dit vanuit die kerk na die saal moet neem, indien nodig.

Tee: Daar is dames beskikbaar uit die gemeente wat tee na afloop van die diens kan bedien **indien u of die oorledene by Durbanville Gemeente ingeskakel is/was.** Reël asb. met die kerkkantoor. Ons sal 'n aanduiding nodig hê van **min of meer hoeveel persone** u by die begrafnis verwag. Die familie van die oorledene, is self verantwoordelik vir die eetgoed.

Sanger(es) en/of skyfievertoning tydens begrafnis: Reël asb. direk met die kerkkantoor; 'n "backtrack" / Powerpoint ens. word ten minste 2 dae vooraf benodig vir toets voor gebruik. Dit moet by die kerkkantoor afgegee word.

Opnames: Eredienste kan digitaal opgeneem word. Reël asb. ten minste 2 dae vooraf met klankoperateur/koster.



Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

Predikante: Ds. A van Wyk • Dr. M.S. van Zyl • Ds. A.A. Verster • Ds. J. Dickason • Ds. A.G. Agenbag

Posbus 107, Durbanville 7551
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Tel : 021 975 6370
www.durbanvillegemeente.co.za

KONTAKNOMMERS:

Leraars:

- Ds. André van Wyk (epos andre@durbanvillegemeente.co.za / sel no. 084 410 8479)
- Dr. Tinus van Zyl (epos tinusvz@durbanvillegemeente.co.za / sel no. 083 289 4985)
- Ds. Rian Verster (epos rian@durbanvillegemeente.co.za / sel no. 084 207 4005)
- Ds. Jana Dickason (epos jana@durbanvillegemeente.co.za / sel no. 082 614 1728)
- Ds. André Agenbag (epos agenbag@durbanvillegemeente.co.za / sel no. 082 828 6704)

Orrelis: Stephan Ackermann, 021 975 2212 of sel no. 084 450 0100

Kontak die kerkkantoor by (021) 975 6370 / epos ontvangs@durbanvillegemeente.co.za

Seënwense.

J. PRETORIUS
BESTUURDER:STEUNDIENSTE
DURBANVILLE GEMEENTE
Nms: DIE KERKRAAD



Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

Predikante: Ds. A van Wyk • Dr. M.S. van Zyl • Ds. A.A. Verster • Ds. J. Dickason • Ds. A.G. Agenbag